
# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKSE


## NO.1.

# RIETE IN DIE WIND



**braam le roux**

Skielik gee die boot 'n ruk en swaai. Oombliklik besef Gustav dat 'n watermuur hom geraak het. Ineens besef hy dat stukke hout, dooie stompe, teen die boot vasspoel. Dit bruis en stamp hier om hom en hy voel hoe dat een spaan uit sy greep geruk word. Takke piets hom in sy gesig, en op daardie oomblik besef hy dat hy onder die takke aan die eiland se kant van die rivier ingespoel word. Hy het nou geen beheer meer oor die boot nie. En hy weet dat die groot vloedwaters wat hy verwag het, nou hier is. Hy voel ineens magteloos teen die water wat aan die boot trek en ruk en nou dreig om dit om te smyt.



## HOOFSTUK I

DIT is al wat hy moet doen; dit is eenvoudig; net die telefoon optel en Obed de Swardt se nommer skakel, en ten minste £15,000 is syne. Vyftienduisend is baie geld, en dit is die veiligste. En dit sal 'n seker vyftienduisend wees. En nou is sy kans. Gustav-hulle is nie hier om te hoor wat hy sê nie. Hy kan 'n afspraak met Obed oor die telefoon reël; hom alles vertel.

Dit is goed vir Gustav om te sê dat hulle hulself moet beheer; dat hulle moet wag en geduld beoefen. Maar hierdie onsekerheid maak hom senuweeagtig. Dit was maklik om die juwele te steel; juwele ter waarde van £300,000, maar dit is glad nie so maklik om dit hier in Suid-Afrika van die hand te sit nie. Gustav is vol selfversekering, maar nie hy nie. Sê nou maar hulle word tog vasgetrap wanneer hulle die juwele probeer deursmokkel. En wat het al hulle geduld en al hulle moeite dan gehelp? Nee, hierdie plan van hom is 'n veiliger uitweg. Dan maak hy doodseker dat hy iets kry.

'n Week gelede het hy, Gustav en George ongesiens toegang tot ryk Bronkhorst se huis gekry en sy vrou se juwele sommer so maklik gebuit, en 'n week lank soek die polisie nou al na die diewe, maar hulle vorder blykbaar niks nie. Maar wie sê dat die polisie nie reeds vir hulle wippe gestel het, en nou maar net op hulle beurt geduldig wag dat hulle moet waag om die juwele uit te smokkel en in die buiteland te verkoop nie? Gustav Greshoff is vol selfvertroue, vol selfversekering. Hulle moet dan maar net geduld beoefen en doodstil wag, hulle senuwees beheer. Hy wat Gustav is, weet hoe om te werk te gaan, en hy wat Gustav is, is besig

om die organisasiewerk te doen. Maar sal dit slaag? Hy is nie so seker daarvan nie. Die polisie lyk magteloos, maar hulle lyk ook magteloos met juwele ter waarde van £300,000 in hulle besit, byna 'n halfmiljoen.

Daar is nog drie uur voor middernag, voordat die nuwe jaar aangekondig word. In die nuwe jaar kan hy £15,000 sterker wees, of hy kan dalk aan die verkeerde kant van die tronktralies sit. Voordat die nuwe jaar ingelui word, sal hy tot 'n besluit moet kom. Hy ken Obed al lank, en Obed is 'n private speurder. Hy sal weet hoe hy die ding moet bewerk om die beloning van £30,000 van die Assuransiemaatskappye in te oes . . . En dan verdeel hulle die geld. Hy en Obed.

Hierdie gedagtes maak hom senuweeagtig. Sy lippe is al kurkdroog. Selfs sy hare is deurmekaar en die strikdassie wat hy by sy borshemp dra, is gedraai.

Hy gaan staan voor die spieël en bekyk homself. Vir homself lyk hy bleek, maar die sweet lê op sy voorkop en sy snor wil al windskeef staan. Hy kam sy hare vinnig, koorsagtig. Hy moet Obed bel. Obed kan hom in die hotel ontmoet, in die danssaal.

Hy gooi die kam neer en stap vinnig na die telefoon. Hy loer 'n slag om na die deur. Vaag kan hy die musiek in die danssaal tot hom hoor deurdring. Hulle speel 'n sleperige, trae tango, dromerig, ritmies; die swaar tamboer slaan af en toe, soos die klopping van 'n reuse-hart. Gustav Greshoff, George Peck en Olga Heunis dans nou heerlik. Hulle sal nooit weet nie. Nou is sy kans, nou of nooit. En as hy dit nie nou doen nie, sal Olga begin agterkom dat daar iets skort. En sy weet dat hy senuweeagtig voel oor hierdie hele affêre. Sy is 'n tier en 'n rissie, maar sy bly kalm. Is dit nie Olga wat haarfyn uitgevind het waar mev. Helenius Bronkhorst haar juwele bêre nie!



Chris de Villiers tel die gehoorstuk op. Daar is die skakelgeluid. Sy dun vingers bewe as hy begin skakel. Obed se nommer. Sal Obed op Oujaarsaand tuis wees?

Die telefoon lui aan die ander kant.

Dit is 'n vrouestem wat antwoord.

„Meneer Obed de Swart, asseblief. Ek moet hom dringend spreek."

„Wie praat?" verneem die stem aan die ander kant.

„Maak nie saak nie. Dit is 'n vriend. Roep maar net vir Obed."

Selfs sy stem bewe. Hy hoor hoe dat sy die telefoon neergooi. Hy hoor musiek en die gebabbel van mense. Obed het seker 'n partytjie in sy woonstel aan die gang. Snaaks dat hy nou byna nie weet hoe om te begin nie. Hy kon die vrou sy naam gegee het, maar dit is skuldgevoelens wat mens soms eienaardige dinge laat doen.

Hy hoor Obed se stem. Dit kom onduidelik na hom toe deur. Hy weet nie eens seker of dit Obed is nie. Hy het hom goed 'n ses maande laas gesien, maar op universiteit was hulle in dieselfde klasse. Hulle het in dieselfde dinge belang gestel. Maar Obed was altyd die avontuurlustige en hy is dit seker nou nog. Daarom dat 'n jong man met sy akademiese kwalifikasies private spreuder gaan word het.

„Hallo, Obed. Jy . . . jy sal nooit raai wie praat nie."

„Nee, ek sou nie kan nie, maar moenie dat ek raai nie. Sê maar wie jy is, of kom oor en kom sluit aan by ons partytjie."

„Ongelukkig kan ek nie. My oproep is belangrik . . . baie belangrik . . ." en Chris loer uit-asem om na sy kamerdeur. „Praat ek definitief met Obed de Swart . . . Ek vra maar net, want dit is lewensbelangrik. Dit . . . dit staan in verband met die Bronkhorst-juwele. Ek het inligting."

Hy hoor hoe dat Obed sy asem diep intrek.

„Wie praat . . . Sê my wie praat?” sê Obed dringend aan die ander kant.

„Dit . . . dit is Chris de Villiers hier. Ek het inligting wat ons albei ryk kan maak . . . Ek bedoel, ons kan daarby baat. Ek kan met die polisie in verbinding tree, maar ek wil eers jou raad vra. Kan ek jou vanaand sien?”

Weer is Obed aan die ander kant stil. Chris hoor net die geskater van pretmakers in die agtergrond.

„Goed, Chris. Waar sien ek jou?”

„By die Hotel Lewis op Brakwater. Ek sal in die danssaal wees.”

„Goed . . . dit is nou nege-uur, ietsie oor. Ek sal eers verskonings moet vind. Wag vir my daar. Dit sal ’n tydjie duur. Jy is dertig myl van my af, maar ek kom. Sê halfelf.”

Chris se lippe en sy verhemelte is kurkdroog.

„Goed . . . goed . . .”

Hy kan die gehoorstuk nie weer behoorlik op die mikkie neersit nie, so bewe sy hande. Hy draai om. Die deur is nog toe. Skielik hoor hy voetstappe in die gang. Eers dink hy dat dit die bonsing van die tamboer onder in die danssaal is, maar dan weet hy dat iemand na sy kamer toe aankom. Daar volg twee harde kloppe en Olga Heunis bars by die deur in. Chris steier terug en as hy die leuningstoel agter hom voel, gaan hy met ’n sug sit. Sy hart klop in sy keel. Hy kyk op sy polsoorlosie. Hy is byna ’n uur gelede uit die danssaal weg.

Olga staan in die deur; ’n slank, welgeboude meisie met blonde hare en diepblou oë. Daardie diepblou oë is op hierdie oomblik besig om hom deurdringend aan te staar. Hy beskou haar postuur vir ’n oomblik en dink aan iets om te sê, maar dit is sy wat eerste praat :

„Is jy alweer besig om skelm te drink?” vra sy, en haar blik val op die half bottel whiskey en die glas op die spieël-tafel. „Jy sit hier en ek moet daar onder in die danssaal verskonings soek vir jou afwesigheid. Kan jy nie die lewe geniet nie, Chris? Luister na daardie tango,” en sy swaai haar liggaam ritmies saam met die skommelende musiek.



Sy kom nader en gaan staan by die lessenaar. Haar blik val op die telefoon, en daar gaan ’n skok deur Chris se liggaam. Sy tel die vuurhoutjies van die lessenaar af op en steek haar sigaret aan.

„Was jy met die telefoon besig? Ek het gedog ek hoor jou praat toe ek aankom.”

Hy kom ineens regop en sy glimlag is selfbewus.

„Nee . . . nee, jy verbeel jou dit. Ek . . . ek het nie oor die telefoon gepraat nie. Jy verbeel jou dit. Ek sit hier. Ek . . . ek het nie lus vir dans nie.”

Hy besef dat Olga hom nie glo nie. Sy kyk hom krities aan. Sy antwoorde is lomp; sy hele houding is skuldig, lomp. Sy weet dat hy senuweeagtig is.

Olga blaas die rook in die lug, kyk weer na die telefoon. Chris stap na die bottel. Sy hand maak rukkerige bewegings as hy skink. Hy gooi sy glas halfvol. Sy hou hom dop. Dit lyk of daar ’n veragtende glimlag om haar mondhoeke speel.

„Drink jy alweer whiskey sonder water, Chris? Jy word nog ’n verslaafde.”

Hy sluk die drank haastig weg.

Hy waai met sy hande.

„Moenie dit dink nie. Buitendien, dit is Oujaar.”

„En jy is te sleg om die aand ten volle te geniet. Bekommer jou seker alweer oor die juwele; skrik jou byna dood as jy ’n uniform sien. Wat makeer jou? Lyk my Gustav was reg. Hy het voorspel dat as daar een man in duie gaan stort, dan is dit jy. Ek waarsku jou, Chris. Gustav en George is bang vir

jou. Hulle vertrou jou nie meer ten volle nie. Hulle is bang dat die wag jou 'n senuwee-ineenstorting gaan besorg en dat jy dan sommer blindweg polisie toe sal hardloop."

Chris hoor homeslf skree, hard :

„Wat . . . Wat? Dit is 'n kranksinnige gedagte! Ek ingee? Moenie mal wees nie!"

Met 'n swaar hand skink hy weer.

„Dat . . . dat hulle dit van my moet dink!"

Hy kyk verwytend na haar.

Sy kom nader en kyk hom vas in sy oë, steek haar hand vinnig uit en neem die glas by hom net toe hy dit aan sy lippe wil bring.

„Dit is nie net hulle wat dit van jou dink nie, Chris. Dit is ook ek. Jy is so bang dat jy byna beroerte kan kry."

„Ek is g'n bang nie. Dit is net dat ek . . . dat ek nie lus het vir dans nie. En . . . en waaroor kan ek nie drink nie?"

„Hoekom moet jy juis hier in die kamer kom drink?"

Hy trek sy skouers op en stap deur toe. Hy maak dit op 'n skrefie oop en dan glimlag hy, 'n powere glimlaggie, geforseerd.

„Toe maar, as die juwele eers veilig in die buiteland is, sal ek beter voel."

Haar blik is ondersoekend en haar hele houding verraai agterdog.

„Vir wie het jy gebel, Chris? Met wie het jy gepraat voor dat ek ingekom het?"

„Jy is sieklik, Olga. Ek het nie die telefoon gebruik nie. Kom ons gaan dans. Ek beloof jou dat ek nie weer sal wegloop nie."

Sy druk haar sigaret in die asbakkie dood.

„Gaan sluit by George en Gustav in die kroeg aan. Ek kom nou. Ek wil effens was. Jy gee nie om as ek jou badkamer gebruik nie?"



„Natuurlik nie . . . Natuurlik nie."

Hy klap die deur agter hom onnodig hard toe en dan loop hy vinnig in die gang af. Die musiek het opgehou. Hy hoor net die gedruis van stemme, opgewonde stemme en skril laggende dames wat die aand geniet, wat te midde van rookdampe en die reuk van sterk drank, die drang voel om van die pligte van die konvensies af weg te breek.

Hy gaan staan voor die hysbak en sukkel om 'n sigaret aan te steek. Ineens voel hy asof hy in 'n hoek vasgekeer is. As Olga, Gustav en George moet uitvind dat hy Obed gebel het, wat sal hulle dan doen? Hy vee met sy hand oor sy voorhoof en voel die taai, klam sweet in sy handpalm. Het Olga nie dalk alles gehoor nie? Onmoontlik! Oor 'n uur is Obed hier. Hulle sal mekaar heel toevallig hier ontmoet. Gustav en George sal nie weet dat hy 'n private speurder is nie. Hyself en Obed sal later, wanneer die uur van die nuwe jaar aanbreek en almal se oë reeds dof voel vanweë oortollige alkohol, 'n geleentheid kry om te praat, en miskien nog voor die tyd. Hy moet nou net nie meer so senuweeagtig en lomp handel nie.

Hy trek sy asem diep in toe die hysbak omlaag sak.

In Chris se kamer poeier Olga Heunis haar neus. Daar was 'n tyd toe sy baie van hierdie Chris gehou het. Sy het selfs gewens dat hy haar moes vra om met hom te trou, maar toe ontmoet sy vir Gustav en George en toe sien sy eers hoe swak en onbeholpe Chris regtig kan wees. Hy het nie hart nie. Gustav het dit alreeds opgemerk die eerste aand ná hulle sukses. Hulle reuse-sukses. Driehonderdduisend pond!

Van die badkamer af loop sy reguit na die telefoon toe. Eers aarsel sy, maar dan tel sy die gehoorstuk op. Die hotelsentrale gee antwood.

„Mejuffrou Heunis praat. Hallo, Jimmy. Hoe dronk is jy!"

„Nie 'n druppel nie," is die hoteloperateur se antwoord.

„Foeitog, Jimmy. Ek wil net weet. Het Chris nou hierdie telefoon gebruik."

„Ja. Hy het gepraat. Hy het agtuur vir 'n lyn gevra. Hy het self geskakel. Hoekom?"

Olga se hart klop vinnig.

„Dit is nie belangrik nie, Jimmy. Sien jou twaalfuur. Jy kom 'n drankie saam met ons nuttig. Ek bel jou later."

Sy plaas die telefoon dadelik neer en dan staar sy by die venster uit. Gekleurde liggies hang laag oor die water in die rivier. Sy kan die gedaantes van die wilgerbome op die eiland sien. Die wiegende water weerkaats die groen, rooi en oranje liggies.

Sy wonder met wie Chris kon gepraat het? En hoekom het hy so vuriglik ontken dat hy die telefoon gebruik het? Daar is 'n frons op haar voorhoof. Haar agterdog groei. Hy het nie toegelaat dat Jimmy die nommer vir hom skakel nie, maar hy het self geskakel en hy wil nie hê dat sy of iemand moet weet dat hy gebel het nie. Olga word onrustig. Sy staan nog 'n oomblik en nadink, dan stap sy by die deur uit, oortuig daarvan dat Chris iets in die skild voer. Hoe weet sy of hy nie met die polisie in verbinding was nie!

Die luukse-danssaal van die Hotel Lewis is bra leeg. Hier en daar staan groepe en gesels. Die lede van die orkes is ook besig om verversings te nuttig. Dit is 'n jolige stemming wat heers. Almal is opgewonde en sommige selfs losbandig. Olga loer by die kroeg in. Sy kyk teen die rugge van rye, rye mans by die kroegtoonbank vas, en sy soek naarstiglik na Gustav. 'n Oomblik later sien sy hom. Hy staan met 'n glasie in sy hand. George sit by hom op 'n hoë stoeltjie, en Chris staan langs George. Sy staar skerp na Gustav, maar weet dat sy hom nie nou kan wegroep nie. Sy loop dus maar heen en weer voor die kroegdeur verby. Gustav skaterlag. Sedert hulle groot sukses is hy die kalmste van almal en hy skyn sy sake baie deeglik uitgewerk te hê. Gustav is groot en sterk. Dit lyk asof sy baadjie enige oomblik gaan oopskeur, so span die materiaal om sy skouers en bo-arms. Daardie grys-blou oë van hom is vol selfvertroue, sonder vrees, en sy gekartelde, geoliede hare blink nou op hierdie oomblik in die glans van die elektriese lig bokant hom.



Dit lyk of George besig is om 'n grap te vertel. Hy beduie met sy slank vingers, en as hy skaterlag, oordonder sy basstem al die ander.

Olga word bang, selfs senuweeagtig. Hoe meer sy daaroor nadink, hoe meer oortuig raak sy dat daardie telefoonoproep van Chris vir hulle gevaar inhou.

Toe die orkes weer 'n Strauss-wals aanhef, sug sy verlig. Pare begin die blinkende dansvloer betree, pare wat nog soepel en lig voortbeweeg, maar ook sommige wat reeds lomp en skommelend stap.

Eindelik kyk Gustav op en dadelik wink sy vir hom. Nie een van die twee ander mans het dit gesien nie. Gustav maak dadelik verskoning, en nou sien Chris en George haar ook. George skuif vinnig van sy hoë stoeltjie af en Chris sluk haastig die laaste bietjie vog in sy glas weg.

Gustav is reeds met Olga in sy arms op die dansvloer. Hy is veel langer as sy, maar hulle dans gemaklik en selfs grasieus.

„Gustav, ek vertrou die vrede nie. Chris was byna 'n uur in sy kamer. Hy het iemand gebel. Toe ek in die gang aankom, het ek duidelik gehoor dat hy praat. Toe ek hom daarna vra, het hy dit ontken. Die operateur verseker my egter dat hy 'n nommer self geskakel het."

Gustav stoot die meisie effens van hom af weg en kyk af in haar oë.

„Is dit 'n feit?"

Sy lewendige oë soek nou naarstiglik na Chris. Hy sien die